


Titel: Die Storm
Pastor: Lucille May
Datum: 6 Februarie 2011
Tyd: 09:00



1. Binne-in die orkaan
2. In die oog van die orkaan
3. Bokant die orkaan



Psalm 91:1-10

¹ Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet, ² hy sê vir die Here: “U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou.” ³ Dit is Hy wat jou uit die voëlvanger se wip hou en jou bewaar van dodelike siekte. ⁴ Hy beskut jou onder sy vleuels en is vir jou 'n veilige skuilplek. Sy trou beskerm jou aan alle kante. ⁵ Jy hoef nie bang te wees vir gevaar in die nag of vir aanvalle oordag, ⁶ vir pes wat in die donker toeslaan of vir siekte wat helder oordag verwoesting saai nie. ⁷ Al val daar duisende langs jou, tienduisende by jou, vir jou sal niks tref nie. ⁸ Met jou eie oë sal jy sien hoe die goddelose gestraf word. ⁹ **Omdat jy die Here as skuilplek geneem het**, die Allerhoogste as jou beskermmer, ¹⁰ sal geen onheil jou tref en geen plaag naby jou woonplek kom nie.

Esegiël 16:6-7a

⁶ “Toe het Ek verbygekom en jou in jou bloed sien spartel. Ek het vir jou daar waar jy in jou bloed gelê het, gesê: ‘Leef!’ Ja, Ek het vir jou daar waar jy in jou bloed gelê het, gesê: ‘Leef, ⁷ groei!’ “Ek het jou soos 'n veldplant laat **groeï**, en jy het **gegroeï** en **grootgeword**. Jy het 'n pragtige meisie geword...



Esegiël 16:8, 10-13

⁸ En Ek het by jou verbygegaan en jou gesien, en kyk, jou tyd was die tyd van liefde. Toe het Ek my vleuel oor jou uitgesprei en jou naaktheid toegedek. Ja, Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan, spreek die Here HERE, en jy het myne geword.

¹⁰ Ook het Ek jou beklee met veelkleurige klere en vir jou skoene van robbevel gemaak, en Ek het jou gehul in fyn linne en jou oordek met sy. ¹¹ Verder het Ek jou met sierade versier en armbande aan jou hande gesit en 'n ketting om jou hals.

¹² En Ek het 'n ring aan jou neus gesit en ooringe aan jou ore en 'n pragtige kroon op jou hoof. ¹³ Ja, jy het jou versier met goud en silwer, en jou klere was fyn linne en sy en veelkleurige stowwe; jy het fynmeel en heuning en olie geëet, en jy was buitengewoon mooi en so voorspoedig dat jy **koninklike waardigheid bereik** het.

Psalm 91:14

¹⁴ "**Omdat hy My liefhet, sal Ek hom bevry.**" sê die Here, "omdat hy My ken, sal Ek hom beskerm (verhef) (exalt).

Psalm 103:4-5 NKJV

⁴ Who redeems your life from destruction, Who crowns you with lovingkindness and tender mercies,

⁵ Who satisfies your mouth with good things, so that your youth is **renewed like the eagle's**.

Jakobus 1:5-8

⁵ En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit **van God bid**, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyf, en dit sal aan hom gegee word. ⁶ Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos **'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word**. ⁷ Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie — ⁸ so 'n **dubbelhartige** man, **onbestendig** in al sy weë.



Efesiërs 4:11-15

¹¹ En dít is die gawes wat Hy gegee het: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. ¹² Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. ¹³ So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos **'n volgroeide mens** wees, so volmaak en volwasse soos Christus. ¹⁴ Dan sal ons **nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer** as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie.

¹⁵ Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof.